

3 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 15:1-21
FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 15:20-21**

Sing tot eer van die Here

Die eerste deel van hierdie hoofstuk vertel van Moses en die Israëliete wat 'n lied tot eer van die Here gesing het. Dit is ook geen wonder nie. Hulle het baie gehad om oor te sing. Vers 19 vertel daarvan: "Waarlik, toe die perde van die farao met strydwaens en bemanning die see ingegaan het, het die Here die water van die see oor hulle laat terugvloei, maar die Israëliete het op droë grond daardeur gegaan."

Die vroue het onder leiding van Mirjam, die suster van Moses en Aäron, met tamboeryne in die hand agter die mans aangeloop en voor die Here gedans. Mirjam het die woorde waarmee die lofsang begin, in 'n refrein herhaal (vs. 21): "Sing tot eer van die Here omdat Hy hoog verhewe is. Perd en ruiters het Hy in die see geslinger."

Dit is hoe die Israëliete reageer het nadat die Here hulle op wonderbaarlike wyse by die Rietsee gered het. Dit het hulle tot aanbidding gebring, tot 'n jubelende lofsang waarin hulle God verheerlik het en aan Hom erkenning gegee het vir sy magtige verlossingswerk.

Is u ook 'n jubelende gelowige, 'n gelowige wat sing? As u nie is nie, moet u vir 'n oomblik stilstaan by die hartklop van die evangelie, by God se magtige wonderdade in sy Seun. Want dáár, by die krip van Betlehem, by die kruis van Golgota en by die graf wat leeg is, word die lofsang gebore, die lied oor God wat hoog verhewe is en wat sy volk wonderbaarlik verlos.

Sing: Skrifberyming 2-6:1

Ds Casper Breed (Secunda)